# Redaksioneel

## Waarderingswoord

Dis vir my 'n groot voorreg om by hierdie geleentheid woorde van dank en waardering teenoor my vriend en kollega, Paul de Bruyn, uit te spreek. Sedert 1995 het ons aan dieselfde teologiese skool en dieselfde departement saamgewerk en 'n hartliker en eendragtiger samewerking is nouliks denkbaar. Groter fideliteit en kollegialiteit is kwalik moontlik. Dit is waar dat elke teoloog sy eie aksente lê, maar wanneer hierdie aksente sy realisering vind binne die raamwerk van die Reformatoriese tradisie, behoort dit nooit tot spanning en onenigheid aanleiding te gee nie.

Paul de Bruyn se groot voorliefde is die Christelike etiek en daar is min teoloë in ons land wat 'n indringender studie van seksueel-etiese vraagstukke gemaak het as juis hy. Sy outoriteit op hierdie gebied word onder meer daardeur geïllustreer dat die NGK hom versoek het om 'n omvattende dokument oor seksuele etiek saam te stel. Sy etiese belangstelling het egter ook wyer uitgekring soos blyk uit sy omvattende werk oor die Tien Gebooie. Hierbenewens het hy ook 'n belangrike bydrae tot die apologetiek gemaak.

Ek loop egter die verhaal vooruit. In die waarderingswoord van dr. Henk Stoker verskyn veel meer besonderhede.

Namens die redaksie aan jou en Lina veel seën en vreugde toegewens vir die "aftreetyd" – 'n konsep wat, so het een van sy M.-studente bevind, eintlik 'n anomalie is. Mag die goeie God, wat reeds soveel genade geskenk het, nog meer genade gee vir die pad wat voorlê.

Amie van Wyk